

**21 OKTOBER 2020**

**BESPREKING VAN LOKALE, AANBIED VAN GELEENTHEDE EN VERGADERINGS IN PERSOON ONDER VLAK 1**

Hoewel dit vir die Universiteit Stellenbosch (US) wetlik moontlik is om geleenthede aan te bied en verskeie groepsaktiwiteite te beplan en uit te voer, om geboue oop te stel en geriewe beskikbaar te stel, is daar steeds 'n inherente risiko van hoër infeksiekoerse indien aktiwiteite vir groepe mense in persoon te gou gehou word. Dit bly 'n basiese veronderstelling dat diegene wat kan, eerder van die huis af moet werk, tensy 'n personeellid se terugkeer na die kantoor noodsaaklik is vir die twee institusionele doelwitte, naamlik om die 2020-akademiese jaar te voltooi en om institusionele volhoubaarheid te bevorder. Of anders gestel, waar aktiwiteite oor 'n afstand of aanlyn kan plaasvind, bly dit die voorkeur bo vergadering en ander soortgelyke byeenkomste in persoon. Dit bly 'n etiese verantwoordelikheid vir die US om in die beste belang van sy personeel, die breër gemeenskap en met sosiale samehorigheid op te tree.

Die bedryfstroom vir Kampuswerkzaamhede (of te wel COWS) van die Institusionele Komitee vir Bedryfsvoortsetting (ICBC) is oorval met versoeke om geleenthede aan te bied, asook vir lokaalbesprekings en om vergaderings in persoon te hou. Let asb op die hersiene kriteria en prosedure wat gevolg moet word, soos hieronder uiteengesit:

- Jaareindfunksies word toegelaat, maar dit word aanbeveel dat geleenthede vir kleiner funksionele entiteite binne afdelings of departemente gereël moet word, eerder as vir groot groepe personeel.
- **Ons moedig personeel aan om voorkeur te gee aan US-fasiliteite vir alle funksies, vergaderings en konferensies om koste te bespaar.**
- Oorweeg dit asb deeglik waarom 'n aanlyn vergadering, konferensie of geleentheid nie haalbaar is nie; indien daar 'n oortuigende rede vir 'n vergadering, konferensie of geleentheid in persoon is, moet die organiseerder verseker dat alle gesondheids- en veiligheidsprotokol nagekom word.
- Vir geleenthede op die kampus word daar van jou verwag om 'n plan vir elke geleentheid op te stel om te verseker dat die protokols om die risiko van infeksies te verlaag, in plek is.
- Vir geleenthede wat weg van die kampus af plaasvind, moet jy seker maak dat die eienaar van die lokaal aan alle gesondheids- en veiligheidsregulasies voldoen en dat hulle 'n behoorlike plan het om die risiko van infeksies teen te werk.

Oorweeg:

- die moontlike gesondheidsrisiko's wat met die aanbied van 'n vergadering, konferensie of geleentheid in persoon gepaardgaan;
- die vermoë en kapasiteit om die inherente gesondheids- en verwante risiko's te verminder;
- die samestelling van die groep wat na die vergadering, konferensie of geleentheid genooi gaan word, insluitende onder meer hul ouderdom en onderliggende toestande;
- die kapasiteit en vermoë van die bespreekte lokaal om aan nasionale voorskrifte en gesondheids- en veiligheidsprotokols te voldoen, insluitende sosiale afstandshepping; en
- botsende aanvraag vir die gebruik van lokale, byvoorbeeld vir akademiese gebruik deur fakulteite teenoor sosiale of kulturele geleenthede, besprekings deur ander US-entiteite of eksterne partye.

Die volgende vlak 1-regulasies is van toepassing op sosiale byeenkomste, konferensies en vergaderings:

- *Sosiale geleenthede word tot 250 mense of minder beperk indien dit 'n binnenshuise byeenkoms is, en tot 500 mense of minder indien dit 'n buitelug-byeenkoms is.*
- *Let asb daarop dat hierdie getalle onderhewig is aan die beginsel van **nie meer as 50 persent van die kapasiteit van die lokaal** gebruik word nie, met mense wat 'n afstand van ten minste 1,5 meter van mekaar af handhaaf.*

Indien jy 'n sosiale geleentheid, vergadering of konferensie aanbied wat fisiek deur mense bygewoon sal word, moet die volgende riglyne gevolg word:

- **Vyftig (50) mense of minder** wat dit fisiek gaan bywoon (**op of weg van die kampus af**) kan deur die Dekaan/Hoofdirekteur/Senior Direkteur goedgekeur word. Sien asb die templaar hieronder.
- Alle versoeke vir konferensies, geleenthede en vergaderings **op of weg van die kampus af** waar **vyftig (50) mense** bymekaar gaan kom, moet die inligting, insluitende die templaar hieronder, aan die COWS voorgelê word **alvorens die lokaal bespreek word**. Stuur versoeke aan [neliai@sun.ac.za](mailto:neliai@sun.ac.za).  
 'n Versoek met 'n volle motivering wat redes vir die aanbied van die geleentheid, vergadering of konferensie in persoon verstrekk, moet alle versoeke vergesel. Verwys na die kriteria en prosedures hierbo.  
 'n Gedetailleerde geleentheidsplan moet die kapasiteit van die lokaal; die samestelling van die groep ten opsigte van potensiële gesondheidsrisiko's en maatreëls vir gaste ouer as 60 en vir diegene met onderliggende toestande insluit. Aansoeke moet ook die goedkeuring en ondersteuning van die toepaslike VS-hoof insluit.

## TEMPLATE

Templaat vir interne gebruik deur universiteitsomgewings wanneer 'n geleentheid, vergadering of konferensie vir **50 mense of minder op of weg van die kampus af** gereël word:

Naam en kontakbesonderhede van die geleentheidsorganiseerder	
Datum van die geleentheid	
Waar is lokaal geleë?	
Totale kapasiteit van die lokaal	
50% kapasiteit van lokaal	
Aantal gaste	
Beskrywing van geleentheid	
Redes vir die geleentheid / vergadering / konferensie in persoon	
Motivering vir geleentheid / vergadering / konferensie in persoon	
COVID-19-voldoeningsbeampte vir die geleentheid (Naam en kontaknommer)	
Lokaalplan wat maatreëls vir sifting, sanitasie, sosiale afstandshepping, dra van maskers, naspeuring van kontakte, ens insluit	
Goedkeuring deur senior lynbestuurder (insluitende naam, ampstitel en kontakbesonderhede)	

Templaat vir geleenthede/vergaderings/konferensies met **meer as 50 mense op kampus**.  
 Voltooi en dien in by die bedryfstroom vir Kampuswerkzaamhede (COWS) via  
[neliai@sun.ac.za](mailto:neliai@sun.ac.za).

Datum van die geleentheid	
Geleenthedsorganiseerder (naam en kontakbesonderhede)	
Waar is lokaal geleë?	
Totale kapasiteit van die lokaal	
50% kapasiteit van lokaal	
Aantal gaste	
Beskrywing van geleentheid	
Redes vir die geleentheid / vergadering / konferensie in persoon	
Motivering vir geleentheid / vergadering / konferensie in persoon	
COVID-19-voldoeningsbeampte vir die geleentheid (Naam en kontaknommer)	
Lokaalplan wat maatreëls vir sifting, sanitasie, sosiale afstandshepping, dra van maskers, naspeuring van kontakte, ens insluit	
Goedkeuring deur senior lynbestuurder (insluitende naam, ampstitel en kontakbesonderhede)	
Ingedien by COWS	
Goedgekeur deur COWS	

Vir geleenthede **weg van die kampus af** met meer as 50 mense, stel die bedryfstroom vir Kampuswerkzaamhede (COWS) in kennis via [neliai@sun.ac.za](mailto:neliai@sun.ac.za).

Datum van die geleentheid	
Geleenthedsorganiseerder (naam en kontakbesonderhede)	
Waar is lokaal geleë?	
Totale kapasiteit van die lokaal	
50% kapasiteit van lokaal	
Aantal gaste	
Beskrywing van geleentheid	
Redes vir die geleentheid / vergadering / konferensie in persoon	
Motivering vir geleentheid / vergadering / konferensie in persoon	
COVID-19-voldoeningsbeampte vir die geleentheid (Naam en kontaknommer)	
Eksterne lokaalplan nagegaan	
Goedkeuring deur senior lynbestuurder (insluitende naam, ampstitel en kontakbesonderhede)	
Ingedien by COWS	
Goedgekeur deur COWS	